'Dis nooit te laat om te spaar vir aftrede'

VIDA BOOYSEN Donderdag 07 Augustus 2014

Die beste tyd om vir 'n mens se aftrede te begin spaar, is in jou vroeë twintigerjare. Maar sê nou jy het dit nie gedoen nie. Is alles verlore vir jou oudag as jy eers in jou veertigs begin spaar?

Darem nie, sê Jeanette Marais, direkteur van Allan Gray, en een van die sprekers op die Jenwil-Volksblad-welvaartkongres, wat op 19 en 20 Augustus in Bloemfontein plaasvind.

Maar dan moet jy nie nog een dag langer uitstel om vir jou oudag te begin sorg nie.

"Ek sê altyd die beste tyd om 'n boom te plant was 20 jaar gelede – maar die tweede beste tyd is vandag. Gaan sien 'n finansiële adviseur, doen jou somme en begin dadelik met aftreebeplanning."

Die eerste stap is om jou skuld af te betaal, maar jy moet ook begin spaar, selfs terwyl jy nog skuld delg.

"Dit neem ongeveer 20 jaar vir die voordeel van saamgestelde rente om jou belegging te laat groei, dus moet jy nie uitstel as jy beplan om op 65 af te tree nie."

Die tweede realiteit is dat 'n mens op 40 meer sal móét wegsit as die persoon wat op 20 begin spaar het, en dis nie nou tyd om versigtig en konserwatief te belê nie.

"Vanuit 'n beleggingsoogpunt sal jy jou blootstelling aan aandele moet verhoog vir die soort groei wat inflasie klop. Hoewel aandele bekend is vir korttermyn-wisselvalligheid, is dít die bateklas wat oor die lang termyn (langer as vyf jaar) beter presteer."

Marais sê 'n mens moet ook besef dat indien jy nie voldoende vir jou aftrede gespaar het nie, moet jy dalk langer aanhou werk. Dit kan 'n beduidende verskil aan jou aftreekapitaal maak.

"Gestel jy tree op 60 af, jy verdien R400 000 per jaar en jy het aftreekapitaal

gelykstaande aan 12 jaar se salaris, dan kan jy verwag om R250 000 per jaar uit te kry (wat met inflasie sal styg). Dis 62% van jou eindsalaris. Maar as jy nog vyf jaar werk, kan jy moontlik met 85% van jou finale salaris aftree."

Dit is 'n groot fout om té konserwatief te belê in die jaar of twee voor jou aftrede, waarsku Marias.

"Jy het nog steeds 20 tot 30 jaar waarvoor jy moet beplan."

Inflasie is die afgetredene se groot vyand, en jou kapitaal moet in reële terme groei – anders moet 'n mens jou kapitaal begin gebruik vir lewenskoste, en voor jy jou oë uitvee is jou geld op.

Marais sê die syfer waarna 'n mens moet kyk, is die verskil tussen die inflasiekoers en jou opbrengs (m.a.w. reële opbrengs) en sy beveel aan dat 'n mens in 'n fonds soos Allan Gray se Gebalanseerde Fonds belê.

"As jy 15 jaar gelede slegs R10 000 in Allan Gray se gebalanseerde fonds belê het, sou jy nou R141 000 gehad het – dus, begin vandag nog spaar, jy kan 'n reuse-verskil aan jou aftrede maak."

* Lesers wat nog wil bespreek vir die Jenwil-Volksblad-welvaartkongres in vennootskap met Glacier, moet gou spring. Kaartjies vir die twee sessies op 19 en 20 Augustus in die Naval Hill-planetarium verkoop soos soetkoek en net 'n paar plekke is beskikbaar. Let daarop dat albei sessies presies dieselfde is, dus woon 'n mens net een van die twee by. Bel Elmari McCarthy by 051 447 0463 of stuur 'n e-pos na investment@jenwil.co.za.

Jy moet aangemeld wees op ons webwerf om kommentaar te kan lewer.
Kliek hier om aan te meld, of hier om te registreer indien jy nog nie 'n gebruikersprofiel geskep het nie.

Media24 Digitale Nuus: Só voer ons gesprek
Ons is ten gunste van oop gesprek en wil aan al ons lesers die platform gun om saam te praat. Die "wagwoord" in die kommentaar-afdeling van ons webwerwe is respek. Respek vir mede-lesers en die mense en gebeure waaroor ons berig. Ons sal nie seksisme, homofobie, rassisme of ander vorms van haatspraak duld nie en behou ons die reg voor om kommentaar te verwyder. Kortom, speel die bal, nie die man nie.